Goeiedag,

Nog ‘n jaar het gekom en gegaan, soos die speekwoord sê: “Tyd staan nie stil nie”.

Mede-telers, ek dink dit is verseker een van die beste skaapjare wat ons in ‘n baie lang tyd beleef het. Ons het ‘n baie suksesvolle veilingsjaar agter die rug. Rekordpryse is behaal sowel as stygende gemiddeldes op veilings. Ons verkoopspersentasie van diere op veilings is ook uitsonderlik goed. Dit is ‘n duidelike bewys dat die ras groei en dat die ras in groot aanvraag is.

Die land het in die meeste dele ‘n baie goeie reënseisoen gehad wat verseker dat diere in ‘n baie goeie kondisie is en dat daar ‘n goeie lammeroes in die vooruitsig is of reeds verkry is.

Gedurende veilings, kursusse, inligtingsdae en plaasbesoeke was dit baie opvallend hoe elke kudde op ‘n unieke wyse verbeter en groei. Oral waar ek kom verstom die aanpasbaarheid van hierdie ras my.

Vanaf die Genootskap se kantoor is dit met groot dankbaarheid dat ek met u kan deel dat die kantoor daagliks navrae oor die ras ontvang. Nie net plaaslik nie, maar veral van ons buurlande en selfs oorsese lande. Daar het ‘n versoek gekom dat indien u enige inligting aan die publiek deurgee u dit asseblief in Engels moet doen omdat baie van die belangstellendes gladnie Afrikaans verstaan nie. U sal ook sien dat ons 2015 Joernaal in Afrikaans en Engels gepubliseer word.

Die Genootskap is in ‘n baie goeie posisie. Die ledetal het aansienlik gegroei en staan huidiglik op 93 lede. Wat die finasies aanbetref is die Genootskap stabiel.

Die Raad het gedurende die Loeriesfontein Skou ‘n baie insiggewende vergadering gehou waar onder andere die doel van die ras en die visie van die ras uiteengesit is. Ons gaan weer gedurende die Hopetown Nasionale veldramveiling vergader.

Gaan maak gerus op ons webtuiste ‘n draai om u van al 2015 se belangrike datums te vergewis. Indien u enige interressante foto’s of inligting het is u welkom om dit op ons Meatmaster Sheep Groep op Facebook te deel. Ons kry ongelooflik baie blootstelling en navrae daar.

Sonder om enige persoon uit te sonder wil ek elke teler, raadslid, bemarker, vennoot en vriend bedank vir u insette en belangstelling in hierdie ras. Ek wil elke teler motiveer deur te sê: “Ons het alreeds die beste ras”. Kom ons bou voort op die uitsonderlike ras.

Neem asseblief kennis dat die kantore van die Genootskap gesluit is vanaf 19 Desember en weer sal heropen op 12 Januarie 2015.

Mag u ‘n baie Geseënde Kerstyd geniet saam met u vriende en familie. Waardeer mekaar! Ek wens u ‘n voorspoedige 2015 toe met baie seën en vreugde.

Mag u kyk en sien, luister en hoor, droom en beleef!

Groete

PW van Heerden